*From the Editor / Redaksioneel*

We are honoured to begin *Scrip=tura* 4 with a contribution by Professor Hendrikus Boers of Emory University in Atlanta, Georgia, where he teaches New Testament at Candler School of Theology. Recently he spent some time in Stellenbosch as visiting scholar and was re=sponsible for several seminars and lectures, inter alia a paper read before the NT Society of S A. The present article is based on material from a forthcoming book, entitled *Who was Jesus?* and we are glad to offer our readers this form of 'pre-view'.

The Rev Bertie du Plessis ana=lyses Acts 8:26-40 from a homi=letical point of view and comes up with an unusual perspective on this well-known passage.

Education in South Africa finds itself in a phase of serious re-appraisal and adjustment. The De Lange Report has just been published, with far-reach=ing implications for the future of the educational system in this country. Religious Edu=cation itself is in need of drastic re-orientation to meet the challenges of a rapidly changing situation. The first steps in the direction of re=assessment have already been taken and a considerable part of this issue is devoted to two recent conferences - one in Pretoria, the other in Bell=ville, where the focus was on renewal in Biblical Studies and Religious Education. After a brief summary of the proceedings, some of the papers presented at these meetings are published to keep our readers informed of developments in this field. We hope that *Scriptura* will provide

Dit is 'n voorreg om hierdie uitgawe van *Scriptura* te begin met 'n bydrae van professor Hendrikus Boers van Candler School of Theology aan die Uni=versiteit van Emory in Atlanta. Hy was onlangs die gas van die Universiteit van Stellenbosch waar hy verskeie lesings gehou het en ook voor die Nuwe Testa=mentiese Werkgemeenskap opgetree het. Die artikel in hierdie uitgawe is gebaseer op gegewens uit sy nuwe boek *Who was Jesus?* wat eersdaags sal verskyn.

Ds Bertie du Plessis is verant=woordelik vir die homiletiese bydrae en open 'n verrassend nuwe perspektief op 'n bekende perikoop uit Handelinge.

Die onderwysbestel verkeer op die oomblik in 'n fase van diep=gaande herevaluering en ingrypende aanpassings. Die De Lange-ver=slag is pas vrygestel met ver=reikende implikasies vir die toe=komstige onderwysopset in Suid-Afrika. Godsdiensonderrig en Bybelkunde staan ewe-eens onder die soeklig en drastiese ver=anderinge word deur sommige be=pleit indien hierdie vakrigting die uitdagings van 'n snel-ver=anderende situasie die hoof moet bied. Die eerste stappe in hierdie rigting is reeds geneem en 'n aansienlike deel van hier=die uitgawe word gewy aan twee onlangse kongresse waar die klem op vernuwing in Godsdiensonderrig en die aanbieding van Bybelkunde geval het. Naas 'n algemene oorsig van elk van hierdie byeen=komste, word sekere van die re=ferate hier gepubliseer om ons lesers op die hoogte te hou van die jongste ontwikkelinge op hierdie gebied. *Scriptura* sal graag 'n diens wil lewer in die voorgaande debat oor hierdie

a forum for an on-going debate on these issues and contribu= tions from readers are invited.

Our regular review of literature takes a different form to in= troduce the first of a new series on publishers in the field of biblical literature. We conclude with news about two international New Testa= ment meetings in Louvain and Rome and some details of coming events.

sake en bydraes van lesers word verwelkom.

Ons gereelde rubriek oor nuwe publikasies word hierdie keer gewy aan die eerste van 'n nuwe reeks wat van tyd tot tyd sal verskyn en waarin prominente uitgewers op die vakgebied be= kend gestel word. Ons sluit af met mededelings oor twee internasionale Nuwe Testamen= tiese kongresse wat onlangs plaasgevind het en met besonder= hede oor twee byeenkomste wat vir die nabye toekoms beplan word.